Publication: Volksblad
Date: Monday, June 07, 2021
Page: 2

# De Lille het virus; sy 'rus en drink baie vitamiene'

Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, rus en drink baie vitamiene nadat sy Vrydag positief vir die koronavirus getoets is.

"Dit gaan goed met die minister," het haar woordvoerder, Zara Nicholson, gister by navraag gesê. "Sy is in 'n goeie luim en voel aansienlik beter as die vorige twee dae."

De Lille het gisteroggend op Twitter aangekondig sy het haar Vrydag laat toets nadat sy simptome getoon het. Sy het haarself geïsoleer en almal wat in kontak met haar was, gevra om dieselfde te doen.

Volgens Nicholson is De Lille in isolasie by haar huis in Kaapstad. Sy sal waarskynlik nog tot volgende week in isolasie wees.

"Die minister rus tans en drink baie vitamiene, maar ons sorg ook terselfdertyd dat die departement se werk op datum bly en nie agterraak nie."

Volgens haar doen De Lille 'n beroep op mense om die protokol vir Covid-19 na te kom – soos om maskers in die openbaar te dra, 'n gesonde afstand te handhaaf en gereeld hande te was en te ontsmet.

"Die minister vra dat mense hulself veilig hou en nie hul waaksaamheid moet verslap nie," sê sy.

Talle mense het De Lille op Facebook spoedige beterskap toegewens.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.